REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# CRIMINAL LAW (FORENSIC PROCEDURES) AMENDMENT ACT

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# WYSIGINGSWET OP DIE STRAFREG (FORENSIESE PROSEDURES)

**No 6, 2010**

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments. |
| ______ | Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments. |

# ACT

**To amend the Criminal Procedure Act, 1977, so as to provide for the compulsory taking of fingerprints of certain categories of persons; to provide for the taking of fingerprints and body-prints for investigative purposes; to further provide for the retention of fingerprints and body-prints taken under the Act; to further regulate the destruction of fingerprints taken under the Act; to further regulate proof of certain facts by affidavit or certificate; to amend the South African Police Service Act, 1995, so as to regulate the storing and use of fingerprints, body-prints and photographic images of certain categories of persons; to provide for the keeping of databases and to allow for comparative searches against those databases; to provide for security measures relating to the integrity of information stored on these databases; to make provision for the development of standing operating procedures regarding access to the databases of other state departments; to amend the Firearms Control Act, 2000, so as to further regulate the powers in respect of fingerprints and body-prints for investigation purposes; to amend the Explosives Act, 2003, so as to further regulate the powers in respect of fingerprints and body-prints for investigation purposes; and to provide for matters connected therewith.**

PARLIAMENT of the Republic of South Africa enacts as follows:—

**Substitution of heading to Chapter 3 of Act 51 of 1977**

**1.** The following heading is hereby substituted for the heading of Chapter 3 of the Criminal Procedure Act, 1977:

"**ASCERTAINMENT OF BODILY FEATURES OF PERSONS**".

**Insertion of sections 36A, 36B and 36C in Chapter 3 of Act 51 of 1977**

**2.** The following sections are hereby inserted in the Criminal Procedure Act, 1977, after section 36:

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan. |
| ______ | Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan. |

# WET

**Om die Strafproseswet, 1977, te wysig ten einde voorsiening te maak vir die verpligte neem van vingerafdrukke van sekere kategorieë persone; voorsiening te maak vir die neem van vingerafdrukke en liggaamsafdrukke vir ondersoek-doeleindes; verder voorsiening te maak vir die behoud van vingerafdrukke en liggaamsafdrukke wat kragtens die Wet geneem is; verder die vernietiging van vingerafdrukke te reguleer wat kragtens die Wet geneem is; bewys van sekere feite deur middel van beëdigde verklaring of sertifikaat verder te reël; die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995, te wysig ten einde die bewaring en gebruik van vingerafdrukke, liggaamsafdrukke en fotografiese beelde van sekere kategorieë persone te reël; voorsiening te maak vir die byhou van databasisse en vergelykende soeke teen sodanige databasisse toe te laat; voorsiening te maak vir veiligheidsmaatreëls rakende die integriteit van inligting wat in die databasisse gestoor word; voorsiening te maak vir die ontwikkeling van standaard operasionele prosedures in verband met toegang tot die databasisse van ander staatsdepartemente; die Wet op die Beheer van Vuurwapens, 2000, te wysig ten einde die bevoegdhede ten opsigte van liggaamsafdrukke en liggaamsmonsters vir ondersoekdoeleindes verder te reël; die Wet op Springstof, 2003, te wysig ten einde die bevoegdhede ten opsigte van vingerafdrukke en liggaamsmonsters vir ondersoekdoeleindes verder te reël; en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DIE PARLEMENT van die Republiek van Suid-Afrika verorden soos volg:—

**Vervanging van opskrif van Hoofstuk 3 van Wet 51 van 1977**

**1.** Die opskrif van Hoofstuk 3 van die Strafproseswet, 1977, word hierby deur die volgende opskrif vervang:

"**VASSTELLING VAN LIGGAAMLIKE KENMERKE VAN PERSONE**".

**Invoeging van artikels 36A, 36B en 36C in Hoofstuk 3 van Wet 51 van 1977**

**2.** Die volgende artikels word hierby in die Strafproseswet, 1977, na artikel 36 ingevoeg:

“**Interpretation of Chapter 3**

**36A.** (1) For the purposes of this Chapter, unless the context indicates otherwise—

*(a)* **‘appropriate person’** means any adult member of a child’s family, or a care-giver of the child, which includes any person other than a parent or guardian who factually cares for a child, including—
   (i) a foster parent;
   (ii) a person who cares for a child with the implied or express consent of a parent or guardian of the child;
   (iii) a person who cares for a child whilst the child is in temporary safe care;
   (iv) the person at the head of a child and youth care centre where a child has been placed;
   (v) the person at the head of a shelter;
   (vi) a child and youth care worker, who cares for a child who is without appropriate family care in the community; and
   (vii) a child at the head of a child-headed household, if such a child is 16 years or older;

*(b)* **‘authorised person’** means, with reference to photographic images, fingerprints or body-prints, any police official in the performance of his or her official duties;

*(c)* **‘body-prints’** means prints other than fingerprints, taken from a person and which are related to a crime scene, but excludes prints of the genitalia, buttocks or breasts of a person;

*(d)* **‘child’** means a person under the age of 18 years;

*(e)* **‘Child Justice Act’** means the Child Justice Act, 2008 (Act No. 75 of 2008);

*(f)* **‘comparative search’** means the comparing of fingerprints, body-prints or photographic images, taken under any power conferred by this Chapter, by an authorised person against any database referred to in Chapter 5A of the South African Police Service Act; and

*(g)* **‘South African Police Service Act’** means the South African Police Service Act, 1995 (Act No. 68 of 1995).

(2) Any police official who, in terms of this Act or any other law takes the fingerprints, a body-print or ascertains any bodily feature of a child must—

*(a)* have due regard to the personal rights relating to privacy, dignity and bodily integrity of the child;

*(b)* do so in a private area, not in view of the public;

*(c)* ensure the presence of a parent or guardian of the child, a social worker or an appropriate person; and

*(d)* treat and address the child in a manner that takes into account his or her gender and age.

**Powers in respect of fingerprints of accused and convicted persons**

**36B.** (1) A police official must take the fingerprints or must cause such prints to be taken of any—

*(a)* person arrested upon any charge related to an offence referred to in Schedule 1;

*(b)* person released on bail if such person’s fingerprints were not taken upon arrest;

*(c)* person upon whom a summons has been served in respect of any offence referred to in Schedule 1;

*(d)* person convicted by a court and sentenced to a term of imprisonment without the option of a fine, whether suspended or not, if the fingerprints were not taken upon arrest;

*(e)* person convicted by a court in respect of any offence, which the

“**Uitleg van Hoofstuk 3**

**36A.** (1) By die toepassing van hierdie Hoofstuk, tensy die samehang anders aandui, beteken—

*(a)* **‘gemagtigde persoon’**, met verwysing na fotografiese beelde, vingerafdrukke of liggaamsafdrukke, enige polisiebeampte in die uitvoering van sy of haar amptelike pligte;

*(b)* **‘geskikte persoon’** enige volwasse lid van ’n kind se familie of versorger van die kind, met inbegrip van enige persoon anders as ’n ouer of voog wat werklik vir die kind sorg, en sluit in—
   (i) ’n pleegouer;
   (ii) ’n persoon wat vir ’n kind sorg met die stilswyende of uitdruklike toestemming van die kind se ouer of voog;
   (iii) ’n persoon wat vir ’n kind sorg terwyl die kind in tydelike veilige sorg is;
   (iv) die persoon wat aan die hoof is van ’n kinder- en jeugsorgsentrum waar die kind geplaas is;
   (v) die persoon wat aan die hoof is van ’n skuiling;
   (vi) ’n kinder- en jeugsorgwerker wat vir ’n kind sorg waar daar nie geskikte familiesorg in die gemeenskap is nie; en
   (vii) ’n kind wat aan die hoof is van ’n huishouding, indien so ’n kind 16 jaar of ouer is;

*(c)* **‘kind’** ’n persoon onder die ouderdom van 18 jaar;

*(d)* **‘liggaamsafdrukke’** afdrukke, anders as vingerafdrukke, wat van ’n persoon geneem is en wat verband hou met ’n misdaadtoneel, maar sluit afdrukke van die geslagsdele, boude of borste van ’n persoon uit;

*(e)* **‘vergelykende soektog’** die vergelyking van vingerafdrukke, liggaamsafdrukke of fotografiese beelde wat deur ’n gemagtigde persoon geneem is kragtens enige bevoegdheid ingevolge hierdie Hoofstuk verleen, met dié in enige databasis waarna in Hoofstuk 5A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens verwys word;

*(f)* **‘Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens’** die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995); en

*(g)* **‘Wet op Kinderreg’** die “Child Justice Act, 2008” (Wet No. 75 van 2008).

(2) Enige polisiebeampte wat, ingevolge hierdie Wet of enige ander wet die vingerafdrukke of ’n liggaamsafdruk van ’n kind neem of enige liggaamlike kenmerk van ’n kind vasstel, moet—

*(a)* die persoonlike regte ten opsigte van privaatheid, menswaardigheid en liggaamlike integriteit van die kind behoorlik in ag neem;

*(b)* dit doen in ’n privaat plek, buite sig van die publiek;

*(c)* die teenwoordigheid verseker van ’n ouer of voog van die kind, ’n maatskaplike werker of ’n geskikte persoon; en

*(d)* die kind op ’n wyse behandel en aanspreek wat sy of haar geslag en ouderdom in ag neem.

**Bevoegdhede ten opsigte van vingerafdrukke van beskuldigde en veroordeelde persone**

**36B.** (1) ’n Polisiebeampte moet die vingerafdrukke neem of laat neem van enige—

*(a)* persoon wat op enige aanklag vervat in Bylae 1, gearresteer is;

*(b)* persoon wat op borgtog vrygelaat is, indien sodanige persoon se vingerafdrukke nie tydens arrestasie geneem is nie;

*(c)* persoon op wie ’n dagvaarding beteken is ten opsigte van ’n oortreding vervat in Bylae 1;

*(d)* persoon wat deur ’n hof skuldig bevind is, en gevonnis is tot ’n termyn van gevangenisstraf, sonder die keuse van ’n boete, hetsy opgeskort al dan nie, indien die vingerafdrukke nie tydens arrestasie geneem is nie;

*(e)* persoon wat deur ’n hof skuldig bevind is ten opsigte van enige misdryf wat die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant*

Minister has by notice in the *Gazette* declared to be an offence for the purposes of this subsection.

(2) A police official may take or cause—

*(a)* fingerprints to be taken of any person arrested upon any charge; or

*(b)* fingerprints to be taken of a person deemed under section 57(6) to have been convicted in respect of any offence, which the Minister has by notice in the *Gazette* declared to be an offence for the purposes of this subsection.

(3) The fingerprints taken in terms of this section must be stored on the fingerprint database maintained by the National Commissioner, as provided for in Chapter 5A of the South African Police Service Act.

(4) A police official may again take the fingerprints of any person referred to in subsection (1), if—

*(a)* the fingerprints taken on the previous occasion do not constitute a complete set of his or her fingerprints;

*(b)* some or all of the fingerprints taken on the previous occasion are not of sufficient quality to allow satisfactory analysis, comparison or matching; or

*(c)* the fingerprints taken were lost, misfiled or not stored on the database.

(5) The fingerprints taken under any power conferred by this section, may be the subject of a comparative search.

(6) *(a)* Subject to paragraph *(c)*, any fingerprints, taken under any power conferred by this section—

(i) must upon the conviction of an adult person be retained on a database referred to in Chapter 5A of the South African Police Service Act;

(ii) must, upon conviction of a child be retained on a database referred to in Chapter 5A of the South African Police Service Act, subject to the provisions relating to the expungement of a conviction and sentence of a child, as provided for in section 87 of the Child Justice Act; and

(iii) in a case where a decision was made not to prosecute a person, if the person is found not guilty at his or her trial, or if his or her conviction is set aside by a superior court or if he or she is discharged at a preparatory examination or if no criminal proceedings with reference to such fingerprints or body-prints were instituted against the person concerned in any court or if the prosecution declines to prosecute, must be destroyed within 30 days after the officer commanding the Division responsible for criminal records referred to in Chapter 5A of the South African Police Service Act has been notified.

*(b)* Fingerprints retained in terms of this section, may only be used for purposes related to the detection of crime, the investigation of an offence, the identification of missing persons, the identification of unidentified human remains or the conducting of a prosecution.

*(c)* Subparagraphs *(a)*(i) and (ii) do not prohibit the use of any fingerprints taken under any powers conferred by this section, for the purposes of establishing if a person has been convicted of an offence.

*(d)* Any person who, with regard to any fingerprints, body-prints or photographic images referred to in this Chapter—

(i) uses or allows the use of those fingerprints, body-prints or photographic images for any purpose that is not related to the detection of crime, the investigation of an offence, the identification of missing persons, the identification of unidentified human remains or the conducting of a prosecution; or

(ii) tampers with or manipulates the process or the fingerprints, body-prints or images in question; or

verklaar het 'n misdryf vir die doeleindes van hierdie subartikel te wees.

(2) 'n Polisiebeampte moet die vingerafdrukke neem of laat neem van—

*(a)* enige persoon wat op enige aanklag gearresteer is; of

*(b)* 'n persoon wat kragtens artikel 57(6) geag word skuldig bevind te gewees het ten opsigte van 'n misdryf wat die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* verklaar het 'n misdryf vir die doeleindes van hierdie subartikel te wees.

(3) Die vingerafdrukke wat ingevolge hierdie artikel geneem is, moet in die databasis bewaar word wat die Nasionale Kommissaris byhou, soos in Hoofstuk 5A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens bepaal word.

(4) 'n Polisiebeampte mag weer die vingerafdrukke neem van enige persoon waarna in subartikel (1) verwys word, indien—

*(a)* die vingerafdrukke wat by die vorige geleentheid geneem is, nie 'n volledige stel van sy of haar vingerafdrukke uitmaak nie;

*(b)* sommige of al die vingerafdrukke wat by die vorige geleentheid geneem is, nie van voldoende kwaliteit is ten einde bevredigende ontleding of vergelyking te bewerkstellig of bepaling van mate van ooreenstemming te doen nie; of

*(c)* die vingerafdrukke wat geneem is, verloor, verlê of nie in die databasis gestoor is nie.

(5) Die vingerafdrukke wat geneem is kragtens 'n bevoegdheid by hierdie artikel verleen, kan die onderwerp van 'n vergelykende soektog uitmaak.

(6) *(a)* Behoudens paragraaf *(c)* moet die vingerafdrukke, wat geneem is kragtens 'n bevoegdheid by hierdie artikel verleen—

(i) by die skuldigbevinding van 'n volwasse persoon, in 'n databasis soos bedoel in Hoofstuk 5A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, bewaar word;

(ii) by die skuldigbevinding van 'n kind, behoudens die bepalings in verband met die skrapping van die vorige veroordelings en vonnisse van 'n kind, soos beoog in artikel 87 van die Wet op Kinderreg, in 'n databasis soos bedoel in Hoofstuk 5A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, bewaar word; en

(iii) indien 'n besluit geneem is om 'n persoon nie te vervolg nie, 'n persoon by sy of haar verhoor vrygespreek is, sy of haar skuldigbevinding deur 'n hoër hof ter syde gestel is, hy of sy by 'n voorlopige ondersoek ontslaan is, geen strafregtelike vervolging met betrekking tot sodanige vingerafdrukke of liggaamsafdrukke teen die betrokke persoon in enige hof ingestel is nie of die vervolging weier om te vervolg, vernietig word binne 30 dae nadat die beampte in bevel van die Afdeling, wat verantwoordelik is vir kriminele rekords, soos bedoel in Hoofstuk 5A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, in kennis gestel is.

*(b)* Vingerafdrukke wat kragtens hierdie artikel bewaar is, mag slegs gebruik word vir doeleindes wat verband hou met die oplossing van misdaad, die ondersoek van 'n misdryf, die identifikasie van vermiste persone, die identifikasie van ongeïdentifiseerde menslike oorskot of die deurvoer van 'n vervolging.

*(c)* Subparagrawe *(a)*(i) en (ii) belet nie die gebruik van enige vingerafdrukke wat kragtens enige bevoegdheid by hierdie artikel verleen, geneem is, vir doeleindes om te bepaal of 'n persoon aan 'n misdryf skuldig bevind is nie.

*(d)* Enige persoon wat, met betrekking tot enige vingerafdrukke, liggaamsafdrukke of fotografiese beelde bedoel in hierdie Hoofstuk—

(i) sodanige vingerafdrukke, liggaamsafdrukke of fotografiese beelde gebruik of toelaat dat dit gebruik word vir enige doel wat nie verband hou met die oplossing van misdaad, die ondersoek van 'n misdryf, die identifikasie van vermiste persone, die identifikasie van ongeïdentifiseerde menslike oorskot of die deurvoer van 'n vervolging nie; of

(ii) peuter met die betrokke vingerafdrukke, liggaamsafdrukke of fotografiese beelde of die proses manipuleer; of

(iii) falsely claims such fingerprints, body-prints or images to have been taken from a specific person whilst knowing them to have been taken from another person or source,

is guilty of an offence and liable on conviction to imprisonment for a period not exceeding 15 years.

(7) The National Commissioner must destroy the fingerprints of a child upon receipt of a Certificate of Expungement in terms of section 87(4) of the Child Justice Act.

(8) Subsection (1)*(d)* applies to any person convicted of any crime, irrespective of the sentence, including—

*(a)* any person serving such a sentence at the time of the commencement of this section; and

*(b)* where applicable, any person released on parole in respect of such a sentence, irrespective of the fact that such a person was convicted of the offence in question, prior to the commencement of this section.

**Fingerprints and body-prints for investigation purposes**

**36C.** (1) Any police official may without warrant take fingerprints or body-prints of a person or a group of persons, if there are reasonable grounds to—

*(a)* suspect that the person or that one or more of the persons in that group has committed an offence referred to in Schedule 1; and

*(b)* believe that the prints or the results of an examination thereof, will be of value in the investigation by excluding or including one or more of those persons as possible perpetrators of the offence.

(2) Prints taken in terms of this section may—

*(a)* be examined for the purposes of the investigation of the relevant offence or caused to be so examined; and

*(b)* be subjected to a comparative search.

(3) *(a)* Subject to paragraph *(c)*, any fingerprints or body-prints, taken under any power conferred by this section—

(i) must upon the conviction of an adult person be retained on a database referred to in Chapter 5A of the South African Police Service Act;

(ii) must, upon conviction of a child be retained on a database referred to in Chapter 5A of the South African Police Service Act, subject to the provisions relating to the expungement of a conviction and sentence of a child, as provided for in section 87 of the Child Justice Act; and

(iii) in a case where a decision was made not to prosecute a person, if the person is found not guilty at his or her trial, or if his or her conviction is set aside by a superior court or if he or she is discharged at a preparatory examination or if no criminal proceeding with reference to such fingerprints or body-prints were instituted against the person concerned in any court or if the prosecution declines to prosecute, must be destroyed within 30 days after the officer commanding the Division responsible for criminal records referred to in Chapter 5A of the South African Police Service Act has been notified of such event as referred to in this paragraph.

*(b)* Fingerprints or body-prints which may be retained in terms of this section, may only be used for purposes related to the detection of crime, the investigation of an offence, the identification of missing persons, the identification of unidentified human remains or the conducting of a prosecution.

*(c)* Subparagraphs *(a)*(i) and (ii), does not prohibit the use of any fingerprints or body-prints taken under any powers conferred by this section, for the purposes of establishing if a person has been convicted of an offence.

(iii) valslik beweer dat sodanige vingerafdrukke, liggaamsafdrukke of fotografiese beelde van 'n bepaalde persoon geneem is, terwyl hy of sy bewus is dat dit van 'n ander persoon of bron geneem is,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 15 jaar.

(7) Die Nasionale Kommissaris moet die vingerafdrukke van 'n kind vernietig by ontvangs van 'n sertifikaat met betrekking tot die skrapping van vorige veroordelings kragtens artikel 87(4) van die Wet op Strafregpleging ten opsigte van Kinders.

(8) Subartikel (1)*(d)* is van toepassing op enige persoon wat aan enige misdaad skuldig bevind is, ongeag die vonnis, met inbegrip van—

*(a)* enige persoon wat so 'n vonnis uitdien ten tye van die inwerkingtreding van hierdie artikel; en

*(b)* waar van toepassing, enige persoon wat op parool vrygelaat is ten opsigte van so 'n vonnis, ongeag die feit dat so 'n persoon aan die betrokke misdryf skuldig bevind is voor die inwerkingtreding van hierdie artikel.

**Vingerafdrukke en liggaamsafdrukke vir ondersoekdoeleindes**

**36C.** (1) Enige polisiebeampte kan sonder 'n lasbrief vingerafdrukke of liggaamsafdrukke van 'n persoon of 'n groep persone neem indien daar redelike gronde is om—

*(a)* te vermoed dat die persoon of dat een of meer van die persone in daardie groep 'n misdryf soos bedoel in Bylae 1 gepleeg het; en

*(b)* te glo dat die afdrukke of die uitslag van 'n ondersoek daarvan, van waarde sal wees in die ondersoek deur een of meer van daardie persone as moontlike plegers van die misdryf in of uit te sluit.

(2) Afdrukke wat ingevolge hierdie artikel geneem is, kan—

*(a)* vir die doeleindes van die ondersoek van die betrokke misdryf ondersoek word of aldus ondersoek laat word; en

*(b)* aan 'n vergelykende soektog onderwerp word.

(3) *(a)* Behoudens paragraaf *(c)*, moet enige vingerafdrukke of liggaamsafdrukke wat geneem is kragtens enige bevoegdheid by hierdie artikel verleen—

(i) by die skuldigbevinding van 'n volwasse persoon, in 'n databasis soos bedoel in Hoofstuk 5A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, bewaar word;

(ii) by die skuldigbevinding van 'n kind, behoudens die bepalings in verband met die skrapping van die vorige veroordelings en vonnisse van 'n kind, soos beoog in artikel 87 van die Wet op Kinderreg, in 'n databasis soos bedoel in Hoofstuk 5A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, bewaar word; en

(iii) indien 'n besluit geneem is om 'n persoon nie te vervolg nie, 'n persoon by sy of haar verhoor vrygespreek is, sy of haar skuldigbevinding deur 'n hoër hof ter syde gestel is, hy of sy by 'n voorlopige ondersoek ontslaan is, geen strafregtelike vervolging met betrekking tot sodanige vingerafdrukke of liggaamsafdrukke teen die betrokke persoon in enige hof ingestel is nie of die vervolging weier om te vervolg, vernietig word binne 30 dae nadat die beampte in bevel van die Afdeling, wat verantwoordelik is vir kriminele rekords, soos bedoel in Hoofstuk 5A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, in kennis gestel is.

*(b)* Vingerafdrukke of liggaamsafdrukke wat kragtens hierdie artikel bewaar kan word, mag slegs gebruik word vir doeleindes wat verband hou met die oplossing van misdaad, die ondersoek van 'n misdryf, die identifikasie van vermiste persone, die identifikasie van ongeïdentifiseerde menslike oorskot of die deurvoer van 'n vervolging.

*(c)* Subparagrawe *(a)*(i) en (ii) belet nie die gebruik van enige vingerafdrukke of liggaamsafdrukke geneem kragtens enige bevoegdheid by hierdie artikel verleen om vas te stel of 'n persoon aan 'n misdryf skuldig bevind is nie.

*(d)* The fingerprints or body-prints referred to in paragraph *(a)* must be stored on the database maintained by the National Commissioner, as provided for in Chapter 5A of the South African Police Service Act.

*(e)* The National Commissioner must destroy the fingerprints of a child upon receipt of a Certificate of Expungement in terms of section 87(4) of the Child Justice Act.''.

**Amendment of section 37 of Act 51 of 1977, as amended by section 1 of Act 64 of 1982**

**3.** The following section is hereby substituted for section 37 of the Criminal Procedure Act, 1977:

''**Powers in respect of body-prints and bodily appearance of accused and convicted persons**

**37.** (1) Any police official may—

*(a)* take the **[finger-prints, palm-prints or foot-prints]** body-prints or may cause any such prints to be taken—
- (i) of any person arrested upon any charge;
- (ii) of any such person released on bail **[or on warning under section 72]**;
- (iii) of any person arrested in respect of any matter referred to in paragraph *(n)*, *(o)* or *(p)* of section 40(1);
- (iv) of any person upon whom a summons has been served in respect of any offence referred to in Schedule 1 or any offence with reference to which the suspension, cancellation or endorsement of any licence or permit or the disqualification in respect of any licence or permit is permissible or prescribed;
- (v) of any person convicted by a court; or
- (vi) of any person deemed under section 57(6) to have been convicted in respect of any offence which the Minister has by notice in the *Gazette* declared to be an offence for the purposes of this subparagraph;

*(b)* make a person referred to in paragraph *(a)*(i) or (ii) or paragraph *(a)* or *(b)* of section 36B(1) available or cause such person to be made available for identification in such condition, position or apparel as the police official may determine;

*(c)* take such steps as he or she may deem necessary in order to ascertain whether the body of any person referred to in paragraph *(a)*(i) or (ii) or paragraph *(a)* or *(b)* of section 36B(1) has any mark, characteristic or distinguishing feature or shows any condition or appearance: Provided that **[no]** a police official **[shall]** may not —
- (i) take **[any]** a blood sample of **[the]** any person **[concerned nor shall a police official make any examination of]**; or
- (ii) examine the body of **[the]** a person **[concerned where that person is a female and the police official concerned is not a female]** who is of a different gender to the police official;

*(d)* take a **[photograph]** photographic image or may cause a **[photograph]** photographic image to be taken of a person referred to in paragraph *(a)*(i) or (ii) or paragraph *(a)* or *(b)* of section 36B(1).

(2) *(a)* Any medical officer of any prison or **[any district surgeon or]**, if requested thereto by any police official, any registered medical practitioner or registered nurse may take such steps, including the taking of a blood sample, as may be deemed necessary in order to ascertain whether the body

*(d)* Die vingerafdrukke of liggaamsafdrukke waarna in paragraaf *(a)* verwys word, moet bewaar word in die databasis wat deur die Nasionale Kommissaris, soos in Hoofstuk 5A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens bepaal, bygehou word.

*(e)* Die Nasionale Kommissaris moet die vingerafdrukke van 'n kind vernietig by ontvangs van 'n Sertifikaat van Skrapping van die kriminele rekord kragtens artikel 87(4) van die Wet op Kinderreg.''.

**Wysiging van artikel 37 van Wet 51 van 1977, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 64 van 1982**

**3.** Artikel 37 van die Strafproseswet, 1977, word hierby deur die volgende artikel vervang:

**Bevoegdhede ten opsigte van afdrukke en liggaamlike voorkoms van beskuldigde en veroordeelde persone**

**37.** (1) 'n Polisiebeampte kan—

*(a)* die **[vinger-, palm- of voetafdrukke]** liggaamsafdrukke neem of laat neem—

(i) van 'n persoon wat op enige aanklag in hegtenis geneem is;

(ii) van so 'n persoon wat op borgtog **[of op waarskuwing ingevolge artikel 72]** vrygelaat is;

(iii) van 'n persoon wat ten opsigte van 'n in paragraaf *(n)*, *(o)* of *(p)* van artikel 40(1) bedoelde aangeleentheid in hegtenis geneem is;

(iv) van 'n persoon aan wie 'n dagvaarding beteken is ten opsigte van 'n in Bylae 1 bedoelde misdryf of 'n misdryf met betrekking waartoe die opskorting, intrekking of endossement van 'n lisensie of permit of die diskwalifikasie ten opsigte van 'n lisensie of permit toelaatbaar of voorgeskryf is;

(v) van 'n persoon wat deur 'n hof skuldig bevind is; of

(vi) van 'n persoon wat ingevolge artikel 57(6) geag word skuldig bevind te gewees het ten opsigte van 'n misdryf wat die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* tot 'n misdryf vir die doeleindes van hierdie subparagraaf verklaar het;

*(b)* 'n in paragraaf *(a)*(i) of (ii) of paragraaf *(a)*(i) of (ii) van artikel 36B(1) bedoelde persoon beskikbaar stel of laat beskikbaar stel vir uitkenning in die toestand, posisie of kleding wat die polisiebeampte bepaal;

*(c)* die stappe doen wat hy of sy nodig ag ten einde te bepaal of die liggaam van 'n in paragraaf *(a)*(i) of (ii) of paragraaf (i) of (ii) van artikel 36B(1) bedoelde persoon 'n merk, eienskap of onderskeidende kenmerk het of 'n toestand of verskynsel toon: Met dien verstande dat **[geen]** 'n polisiebeampte nie—

(i) 'n bloedmonster van **[die]** enige **[betrokke]** persoon mag neem nie **[en dat 'n polisiebeampte]**; of

(ii) **[nie]** die liggaam van **[die betrokke]** 'n persoon mag ondersoek waar daardie persoon **['n vrou is en]** van 'n ander geslag as die **[betrokke]** polisiebeampte **[nie 'n vrou]** is nie**[.]**;

*(d)* 'n **[foto]** fotografiese beeld neem of laat neem van 'n in paragraaf *(a)*(i) of (ii) of paragraaf *(a)*(i) of (ii) van artikel 36B(1) bedoelde persoon.

(2) *(a)* 'n Geneeskundige beampte van 'n gevangenis of **['n distriksgeneesheer of]**, indien deur 'n polisiebeampte daartoe versoek, 'n geregistreerde geneesheer of geregistreerde verpleegster kan die stappe doen, met inbegrip van die neem van 'n bloedmonster, wat nodig geag word ten einde te bepaal of die liggaam van 'n in paragraaf *(a)*(i) of (ii) van subartikel (1) of paragraaf *(a)*(i) of (ii) van artikel 36B(1) bedoelde persoon

of any person referred to in paragraph *(a)*(i) or (ii) of subsection (1) or paragraph *(a)* or *(b)* of section 36B(1) has any mark, characteristic or distinguishing feature or shows any condition or appearance.

*(b)* If any registered medical practitioner attached to any hospital is on reasonable grounds of the opinion that the contents of the blood of any person admitted to such hospital for medical attention or treatment may be relevant at any later criminal proceedings, such medical practitioner may take a blood sample of such person or cause such sample to be taken.

(3) Any court before which criminal proceedings are pending may—

*(a)* in any case in which a police official is not empowered under subsection (1) or section 36B(1) to take **[finger-prints]** fingerprints **[, palm-prints]** or **[foot-prints]** body-prints or to take steps in order to ascertain whether the body of any person has any mark, characteristic or distinguishing feature or shows any condition or appearance, order that such prints be taken of any accused at such proceedings or that the steps, including the taking of a blood sample, be taken which such court may deem necessary in order to ascertain whether the body of any accused at such proceedings has any mark, characteristic or distinguishing feature or shows any condition or appearance;

*(b)* order that the steps, including the taking of a blood sample, be taken which such court may deem necessary in order to ascertain the state of health of any accused at such proceedings.

(4) Any court which has convicted any person of any offence or which has concluded a preparatory examination against any person on any charge, or any magistrate, may order that the **[finger-prints]** fingerprints, **[palm-prints or foot-prints, or]** body-prints or a **[photograph,]** photographic image of the person concerned be taken.

(5) **[Finger-prints, palm-prints or foot-prints, photographs and the record of steps taken under this section shall be destroyed if the person concerned is found not guilty at his trial or if his conviction is set aside by a superior court or if he is discharged at a preparatory examination or if no criminal proceedings with reference to which such prints or photographs were taken or such record was made are instituted against the person concerned in any court or if the prosecution declines to prosecute such person.]** Any fingerprints, body-prints or photographic images taken under any power conferred by this section, may be the subject of a comparative search.

(6) *(a)* Subject to subsection (7), the body-prints or photographic images, taken under any power conferred by this section, and the record of steps taken under this section—

(i) must upon the conviction of an adult person be retained on a database provided for in section 5A of the South African Police Service Act;

(ii) must, upon conviction of a child be retained on a database referred to in Chapter 5A of the South African Police Service Act, subject to the provisions relating to the expungement of a conviction and sentence of a child, as provided for in section 87 of the Child Justice Act; and

(iii) in a case where a decision was made not to prosecute a person, if the person is found not guilty at his or her trial, or if his or her conviction is set aside by a superior court or if he or she is discharged at a preparatory examination or if no criminal proceeding with reference to such body-prints or photographic images was instituted against the person concerned in any court or if the prosecution declines to prosecute, must be destroyed within 30 days after the officer commanding the Division responsible for criminal records referred to in Chapter 5A of the South African Police Service Act has been notified.

*(b)* Body-prints or photographic images which may be retained in terms of this section, may only be used for purposes related to the detection of

’n merk, eienskap of onderskeidende kenmerk het of ’n toestand of verskynsel toon.

*(b)* Indien ’n geregistreerde geneesheer wat aan ’n hospitaal verbonde is, op redelike gronde van oordeel is dat die inhoud van die bloed van ’n persoon wat tot so ’n hospitaal vir geneeskundige aandag of behandeling toegelaat word, by latere strafregtelike verrigtinge relevant mag wees, kan so ’n geneesheer ’n bloedmonster van daardie persoon neem of laat neem.

(3) ’n Hof voor wie strafregtelike verrigtinge hangende is, kan—

*(a)* in ’n geval waarin ’n polisiebeampte nie ingevolge subartikel (1) of artikel 36B(1) bevoeg is om **[vinger-, palm- of voetafdrukke]** vingerafdrukke of liggaamsafdrukke te neem of om stappe te doen ten einde te bepaal of die liggaam van ’n persoon ’n merk, eienskap of onderskeidende kenmerk het of ’n toestand of verskynsel toon nie, gelas dat sodanige afdrukke van ’n beskuldigde by bedoelde verrigtinge geneem word of dat die stappe, met inbegrip van die neem van ’n bloedmonster, gedoen word wat daardie hof nodig ag ten einde te bepaal of die liggaam van ’n beskuldigde by bedoelde verrigtinge ’n merk, eienskap of onderskeidende kenmerk het of ’n toestand of verskynsel toon;

*(b)* gelas dat die stappe, met inbegrip van die neem van ’n bloedmonster, gedoen word wat die hof nodig ag ten einde die gesondheidstoestand van ’n beskuldigde by sulke verrigtinge te bepaal.

(4) ’n Hof wat ’n persoon weens ’n misdryf skuldig bevind het of wat ’n voorlopige ondersoek teen ’n persoon op enige aanklag afgesluit het, of ’n landdros, kan gelas dat die **[vinger-, palm- of voetafdrukke]** vingerafdrukke, liggaamsafdrukke of ’n **[foto]** fotografiese beeld van die betrokke persoon geneem word.

(5) **[Vinger-, palm- of voetafdrukke, foto’s en die aantekeninge van stappe ingevolge hierdie artikel gedoen, word vernietig indien die betrokke persoon by sy verhoor onskuldig bevind word of indien sy skuldigbevinding deur ’n hoër hof tersyde gestel word of indien hy by ’n voorlopige ondersoek ontslaan word of indien geen strafregtelike verrigtinge met betrekking waartoe bedoelde afdrukke of foto’s geneem is of bedoelde aantekeninge gemaak is in ’n hof teen die betrokke persoon ingestel word nie of indien die vervolging nie bereid is om so ’n persoon te vervolg nie.]** Enige vingerafdrukke, liggaamsafdrukke of fotografiese beelde wat geneem is kragtens enige bevoegdheid wat deur hierdie artikel verleen word, kan die onderwerp van ’n vergelykende soektog wees.

(6) *(a)* Behoudens subartikel (7), moet die liggaamsafdrukke of fotografiese beelde wat geneem is kragtens enige bevoegdheid wat deur hierdie artikel verleen word en die rekord van stappe kragtens hierdie artikel gedoen—

(i) by die skuldigbevinding van ’n volwasse persoon, in ’n databasis soos bedoel in Hoofstuk 5A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, bewaar word;

(ii) by die skuldigbevinding van ’n kind, behoudens die bepalings in verband met die skrapping van die vorige veroordelings en vonnisse van ’n kind, soos beoog in artikel 87 van die Wet op Kinderreg, in ’n databasis soos bedoel in Hoofstuk 5A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, bewaar word; en

(iii) indien ’n besluit geneem is om ’n persoon nie te vervolg nie, ’n persoon by sy of haar verhoor vrygespreek is, sy of haar skuldigbevinding deur ’n hoër hof ter syde gestel is, hy of sy by ’n voorlopige ondersoek ontslaan is, geen strafregtelike vervolging met betrekking tot sodanige vingerafdrukke of liggaamsafdrukke teen die betrokke persoon in enige hof ingestel is nie of die vervolging weier om te vervolg, vernietig word binne 30 dae nadat die beampte in bevel van die Afdeling, wat verantwoordelik is vir Kriminele Rekords, soos bedoel in Hoofstuk 5A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, hiervan in kennis gestel is.

*(b)* Liggaamsafdrukke of fotografiese beelde wat kragtens hierdie artikel bewaar kan word, mag slegs gebruik word vir doeleindes wat verband hou

crime, the investigation of an offence, the identification of a missing person, the identification of unidentified human remains or the conducting of a prosecution.

*(c)* The body-prints or photographic images referred to in paragraph *(a)*(i) and (ii), must be stored on the database established by the National Commissioner, as provided for in Chapter 5A of the South African Police Service Act.

(7) Subsection (6) does not prohibit the use of any body-prints or photographic image taken under any powers conferred by this section, for the purposes of establishing if a person has been convicted of an offence.".

**Amendment of section 212 of Act 51 of 1977, as amended by section 12 of Act 56 of 1979, sections 46 and 47 of Act 97 of 1986, section 11 of Act 5 of 1991, section 40 of Act 122 of 1991, section 9 of Act 86 of 1996 and section 6 of Act 34 of 1998**

**4.** Section 212 of the Criminal Procedure Act, 1977, is hereby amended by—

*(a)* the substitution for paragraph *(a)* of subsection (4) of the following paragraph:

"*(a)* Whenever any fact established by any examination or process requiring any skill—

(i) in biology, chemistry, physics, astronomy, geography or geology;

(ii) in mathematics, applied mathematics or mathematical statistics or in the analysis of statistics;

(iii) in computer science or in any discipline of engineering;

(iv) in anatomy or in human behavioural sciences;

(v) in biochemistry, in metallurgy, in microscopy, in any branch of pathology or in toxicology; or

(vi) in ballistics, in the identification of **[finger-prints]** fingerprints or **[palm-prints]** body-prints or in the examination of disputed documents,

is or may become relevant to the issue at criminal proceedings, a document purporting to be an affidavit made by a person who in that affidavit alleges that he or she is in the service of the State or of a provincial administration **[or is in the service of or is attached to the South African Institute for Medical Research]** or any university in the Republic or any other body designated by the Minister for the purposes of this subsection by notice in the *Gazette*, and that he or she has established such fact by means of such an examination or process, shall, upon its mere production at such proceedings be *prima facie* proof of such fact: Provided that the person who may make such affidavit may, in any case in which skill is required in chemistry, anatomy or pathology, issue a certificate in lieu of such affidavit, in which event the provisions of this paragraph shall *mutatis mutandis* apply with reference to such certificate.";

*(b)* the substitution for subsection (6) of the following subsection:

"(6) In criminal proceedings in which the finding of or action taken in connection with any particular **[finger-print]** fingerprint **[or palm-print]** or body-print is relevant to the issue, a document purporting to be an affidavit made by a person who in that affidavit alleges that he or she is in the service of the State and that he or she in the performance of his or her official duties—

*(a)* found such **[finger-print]** fingerprint or **[palm-print]** body-print at or in the place or on or in the article or in the position or circumstances stated in the affidavit; or

*(b)* dealt with such **[finger-print]** fingerprint or **[palm-print]** body-print in the manner stated in the affidavit, shall, upon the mere production thereof at such proceedings, be *prima facie* proof that such **[finger-print]** fingerprint or **[palm-print]** body-print, was so found or, as the case may be, was so dealt with."; and

*(c)* the substitution for subsection (8)*(a)* of the following subsection:

met die oplossing van misdaad, die ondersoek van ’n misdryf, die identifikasie van vermiste persone, die identifikasie van ongeïdentifiseerde menslike oorskot of die deurvoer van ’n vervolging.

*(c)* Die liggaamsafdrukke of fotografiese beelde soos bedoel in paragraaf *(a)*(i) en (ii) moet in die databasis bewaar word wat die Nasionale Kommissaris daargestel het, soos in Hoofstuk 5A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens bepaal word.

(7) Subartikel (6) belet nie die gebruik van enige liggaamsafdrukke of fotografiese beelde, wat geneem is kragtens enige bevoegdheid wat deur hierdie artikel verleen is, om vas te stel of ’n persoon aan ’n misdryf skuldig bevind is nie.”.

**Wysiging van artikel 212 van Wet 51 van 1977, soos gewysig deur artikel 12 van Wet 56 van 1979, artikels 46 en 47 van Wet 97 van 1986, artikel 11 van Wet 5 van 1991, artikel 40 van Wet 122 van 1991, artikel 9 van Wet 86 van 1996 en artikel 6 van Wet 34 van 1998**

**4.** Artikel 212 van die Strafproseswet, 1977, word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(a)* van subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

“*(a)* Wanneer ’n feit wat bepaal is deur ’n ondersoek of proses wat bedrewenheid—

(i) in biologie, skeikunde, natuurkunde, sterrekunde, aardrykskunde of geologie;

(ii) in wiskunde, toegepaste wiskunde of wiskundige statistiek of in die ontleding van statistiek;

(iii) in rekenaarwetenskap of in ’n vakrigting van ingenieurswese;

(iv) in anatomie of in menslike gedragswetenskappe;

(v) in fisiologiese skeikunde, in metallurgie, in mikroskopie, in ’n vertakking van patologie of in toksikologie; of

(vi) in ballistiek, in die identifisering van **[vinger- of palmafdrukke]** vingerafdrukke of liggaamsafdrukke of in die ondersoek van betwiste dokumente,

vereis, by strafregtelike verrigtinge by die geskilpunt relevant is of mag word, is ’n dokument wat voorgee ’n beëdigde verklaring te wees deur ’n persoon wat in daardie beëdigde verklaring beweer dat hy of sy in diens is van die Staat of van ’n provinsiale administrasie **[of in diens is van of verbonde is aan die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing]** of ’n universiteit in die Republiek of ’n ander liggaam wat vir die doeleindes van hierdie subartikel deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* aangewys is, en dat hy of sy bedoelde feit deur middel van so ’n ondersoek of proses bepaal het, by blote voorlegging daarvan by sulke verrigtinge, *prima facie*-bewys van daardie feit: Met dien verstande dat die persoon wat bedoelde beëdigde verklaring kan aflê, in ’n geval waarin bedrewenheid in skeikunde, anatomie of patologie vereis word, ’n sertifikaat in plaas van bedoelde beëdigde verklaring kan uitreik, in welke geval die bepalings van hierdie paragraaf *mutatis mutandis* met betrekking tot so ’n sertifikaat van toepassing is.”;

*(b)* deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

“(6) In strafregtelike verrigtinge waarby die vind van of optrede in verband met ’n bepaalde **[vinger- of palmafdruk]** vingerafdruk of liggaamsafdruk by die geskilpunt relevant is, is ’n dokument wat voorgee ’n beëdigde verklaring te wees deur ’n persoon wat in daardie beëdigde verklaring beweer dat hy of sy in diens van die Staat is en dat hy of sy by die verrigting van sy of haar ampspligte—

*(a)* bedoelde **[vinger- of palmafdruk]** vingerafdruk of liggaamsafdruk gevind het by of in die plek of op of in die voorwerp of in die posisie of omstandighede in die beëdigde verklaring vermeld; of

*(b)* met bedoelde **[vinger- of palmafdruk]** vingerafdruk of liggaamsafdruk op die in die beëdigde verklaring vermelde wyse gehandel het, by blote voorlegging daarvan by sulke verrigtinge *prima facie*-bewys dat bedoelde **[vinger- of palmafdruk]** vingerafdruk of liggaamsafdruk aldus gevind is of, na gelang van die geval, dat daar aldus daarmee gehandel is.”; en

*(c)* deur subartikel (8)*(a)* deur die volgende subartikel te vervang:

"(8) *(a)* In criminal proceedings in which the receipt, custody, packing, marking, delivery or despatch of any **[finger-print]** fingerprint or **[palm-print]** body-print, article of clothing, specimen, tissue (as defined in section 1 of the **[Anatomical Donations and Post-Mortem Examinations Act, 1970 (Act No. 24 of 1970)]** National Health Act, 2003 (Act No. 61 of 2003), or any object of whatever nature is relevant to the issue, a document purporting to be an affidavit made by a person who in that affidavit alleges—

(i) that he or she is in the service of the State or **[is in the service of or is attached to the South African Institute for Medical Research,]** of a provincial administration, any university in the Republic or any body designated by the Minister under subsection (4);

(ii) that he or she in the performance of his or her official duties—

*(aa)* received from any person, institute, State department or body specified in the affidavit, a **[finger-print]** fingerprint or **[palm-print]** body-print, article of clothing, specimen, tissue or object described in the affidavit, which was packed or marked or, as the case may be, which he or she packed or marked in the manner described in the affidavit;

*(bb)* delivered or despatched to any person, institute, State department or body specified in the affidavit, a **[finger-print]** fingerprint or **[palm-print]** body-print, article of clothing, specimen, tissue or object described in the affidavit, which was packed or marked or, as the case may be, which he or she packed or marked in the manner described in the affidavit;

*(cc)* during a period specified in the affidavit, had a **[finger-print]** fingerprint or **[palm-print]** body-print, article of clothing, specimen, tissue or object described in the affidavit in his or her custody in the manner described in the affidavit, which was packed or marked in the manner described in the affidavit,

shall, upon the mere production thereof at such proceedings, be *prima facie* proof of the matter so alleged: Provided that the person who may make such affidavit in any case relating to any article of clothing, specimen or tissue, may issue a certificate in lieu of such affidavit, in which event the provisions of this paragraph shall *mutatis mutandis* apply with reference to such certificate.".

**Amendment of section 225 of Act 51 of 1977**

**5.** The following section is hereby substituted for section 225 of the Criminal Procedure Act, 1977:

"**Evidence of prints or bodily appearance of accused**

**225.** (1) Whenever it is relevant at criminal proceedings to ascertain whether any **[finger-print]** fingerprint **[, palm-print or foot-print]** or body-print of an accused at such proceedings corresponds to any other **[finger-print]** fingerprint **[, palm-print or foot-print]** or body-print or whether the body of such an accused has or had any mark, characteristic or distinguishing feature or shows or showed any condition or appearance, evidence of the **[finger-prints]** fingerprints **[, palm-prints or foot-prints]** or body-prints of the accused or that the body of the accused has or had any mark, characteristic or distinguishing feature or shows or showed any

"(8) *(a)* In strafregtelike verrigtinge waarby die ontvangs, bewaring, verpakking, merk, oorhandiging of versending van 'n **[vinger- of palmafdruk]** vingerafdruk of liggaamsafdruk, kledingstuk, monster, weefsel soos omskryf in artikel 1 van die **[Wet op Anatomiese Skenkings en Nadoodse Ondersoeke, 1970 (Wet 24 van 1970)]** Wet op Nasionale Gesondheid, 2003 (Wet No. 61 van 2003), of 'n voorwerp van watter aard ook al by die geskilpunt relevant is, is 'n dokument wat voorgee 'n beëdigde verklaring te wees deur 'n persoon wat in daardie beëdigde verklaring beweer—

(i) dat hy of sy in diens is van die Staat of **[in diens is van of verbonde is aan die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing]** 'n provinsiale regering, 'n universiteit in die Republiek of 'n liggaam deur die Minister ingevolge subartikel (4) aangewys;

(ii) dat hy of sy, tydens die verrigting van sy of haar ampspligte—

*(aa)* van 'n in die beëdigde verklaring vermelde persoon, instituut, staatsdepartement of liggaam, 'n in die beëdigde verklaring beskrewe **[vinger- of palmafdruk]**, vingerafdruk of liggaamsafdruk, kledingstuk, monster, weefsel of voorwerp ontvang het, wat op die wyse wat in die beëdigde verklaring beskryf word, verpak of gemerk was of, na gelang van die geval, deur hom of haar verpak of gemerk is;

*(bb)* aan 'n in die beëdigde verklaring vermelde persoon, instituut, staatsdepartement of liggaam, 'n in die beëdigde verklaring beskrewe **[vinger- of palmafdruk]** vingerafdruk of liggaamsafdruk, kledingstuk, monster, weefsel, of voorwerp oorhandig of versend het, wat op die wyse wat in die beëdigde verklaring beskryf word, verpak of gemerk was of, na gelang van die geval, deur hom of haar verpak of gemerk is;

*(cc)* gedurende 'n in die beëdigde verklaring vermelde tydperk, 'n in die beëdigde verklaring beskrewe **[vinger- of palmafdruk]** vingerafdruk of liggaamsafdruk, kledingstuk, monster, weefsel of voorwerp, wat op die wyse in die beëdigde verklaring beskryf, verpak of gemerk was, onder sy of haar bewaring gehad het op die wyse wat in die beëdigde verklaring beskryf word,

by blote voorlegging daarvan by sulke verrigtinge *prima facie*-bewys van die sake aldus beweer: Met dien verstande dat die persoon wat bedoelde beëdigde verklaring kan aflê in 'n geval betreffende 'n kledingstuk, monster, of weefsel, 'n sertifikaat in plaas van bedoelde beëdigde verklaring kan uitreik, in welke geval die bepalings van hierdie paragraaf *mutatis mutandis* met betrekking tot so 'n sertifikaat van toepassing is.".

**Wysiging van artikel 225 van Wet 51 van 1977**

**5.** Artikel 225 van die Strafproseswet, 1977, word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Getuienis van afdrukke of liggaamlike voorkoms van beskuldigde**

**225.** (1) Wanneer dit by strafregtelike verrigtinge relevant is om te bepaal of 'n **[vinger-, palm- of voetafdruk]** vingerafdruk of liggaamsafdruk van 'n beskuldigde by daardie verrigtinge ooreenstem met 'n ander **[vinger-, palm- of voetafdruk]** vingerafdruk of liggaamsafdruk en of die liggaam van so 'n beskuldigde 'n merk, eienskap of onderskeidende kenmerk het of gehad het of 'n toestand of verskynsel toon of getoon het, is getuienis van die **[vinger-, palm- of voetafdrukke]** vingerafdrukke of liggaamsafdrukke van die beskuldigde of dat die liggaam van die beskuldigde 'n merk, eienskap of onderskeidende kenmerk het of gehad het of 'n toestand of

condition or appearance, including evidence of the result of any blood test of the accused, shall be admissible at such proceedings.

(2) Such evidence shall not be inadmissible by reason only thereof that the [**finger-print**] fingerprint [**, palm-print, or foot-print**] or body-print in question was not taken or that the mark, characteristic, feature, condition or appearance in question was not ascertained in accordance with the provisions of [**section**] sections 36B, 36C or 37, or that it was taken or ascertained against the wish or the will of the accused concerned.''.

**Insertion of Chapters 5A and 5B in Act 68 of 1995**

**6.** The following Chapter is hereby inserted in the South African Police Service Act, 1995, after section 15:

**''CHAPTER 5A**

**STORAGE AND USE OF FINGERPRINTS, BODY-PRINTS AND PHOTOGRAPHIC IMAGES OF PERSONS**

**Storage and use of fingerprints, body-prints and photographic images**

**15A.** (1) The National Commissioner must ensure that fingerprints, body-prints or photographic images taken under—
*(a)* section 36B(1), section 36C(1) or section 37 of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977);
*(b)* section 113 of the Firearms Control Act, 2000 (Act No. 60 of 2000);
*(c)* section 9 of the Explosives Act, 2003 (Act No. 15 of 2003); or
*(d)* any Order of the Department of Correctional Services,

are stored, maintained, administered, and readily available, whether in computerised or other form, and shall be located within the Division of the Service responsible for criminal records.

(2) The National Commissioner must ensure that the fingerprints and photographic images of persons whose names must be included in the National Register for Sex Offenders, as determined under section 50 of the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007 (Act No. 32 of 2007), are taken and dealt with in accordance with subsection (1).

(3) The provisions of this Chapter apply *mutatis mutandis* to the fingerprints, body-prints or photographic images stored, maintained and administered by the Division of the Service responsible for criminal records prior to the coming into operation of this Act and nothing in this Chapter shall affect the use of such prints and photographic images for the purposes set out in subsections (4) and (5).

(4) Subject to subsection (5), the fingerprints, body-prints or photographic images referred to in subsections (1), (2) and (3) shall only be used for purposes related to the detection of crime, the investigation of an offence, the identification of missing persons, the identification of unidentified human remains or the conducting of a prosecution.

(5) Subsection (4) does not prohibit the use by the police officer commanding the Division of the Service responsible for criminal records or his or her delegate, of any fingerprints stored in terms of this section, for the purpose of establishing if a person has been convicted of an offence.

(6) Any person who, with regard to any fingerprints, body-prints or photographic images referred to in this Chapter—
*(a)* uses or who allows the use of those fingerprints, body-prints or photographic images for any purpose that is not related to the detection

verskynsel toon of getoon het, met inbegrip van getuienis oor die uitslag van 'n bloedtoets van die beskuldigde, by bedoelde verrigtinge toelaatbaar.

(2) Bedoelde getuienis is nie ontoelaatbaar slegs uit hoofde daarvan dat die betrokke **[vinger-, palm- en voetafdruk]** vingerafdruk of liggaamsafdruk nie geneem is of dat die betrokke merk, eienskap, kenmerk, toestand of verskynsel nie bepaal is ooreenkomstig die bepalings van **[artikel]** artikels 36B, 36C of 37 nie, of dat dit geneem of bepaal is teen die sin of die wil van die betrokke beskuldigde nie.''.

**Invoeging van Hoofstukke 5A en 5B in Wet 68 van 1995**

**6.** Die volgende Hoofstukke word in die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995, na artikel 15 ingevoeg:

**''HOOFSTUK 5A**

**BEWARING EN GEBRUIK VAN VINGERAFDRUKKE, LIGGAAMSAFDRUKKE EN FOTOGRAFIESE BEELDE VAN PERSONE**

**Bewaring en gebruik van vingerafdrukke, liggaamsafdrukke en fotografiese beelde**

**15A.** (1) Die Nasionale Kommissaris moet verseker dat vingerafdrukke, liggaamsafdrukke en fotografiese beelde geneem kragtens—

*(a)* artikel 36B(1), artikel 36C(1) of artikel 37 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977);

*(b)* artikel 113 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens, 2000 (Wet No. 60 van 2000);

*(c)* artikel 9 van die Wet op Springstof, 2003 (Wet No. 15 van 2003); of

*(d)* 'n Order van die Departement van Korrektiewe Dienste,

bewaar, bygehou en geadministreer word binne die Afdeling van die Diens verantwoordelik vir kriminele rekords en geredelik beskikbaar is, hetsy in gerekenariseerde of ander formaat.

(2) Die Nasionale Kommissaris moet verseker dat die vingerafdrukke en fotografiese beelde van persone wie se name in die Nasionale Register vir Seks-oortreders ingesluit moet word, soos vereis deur artikel 50 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) 2007 (Wet No. 32 van 2007), geneem en ooreenkomstig subartikel (1) hanteer word.

(3) Die bepalings van hierdie Hoofstuk is *mutatis mutandis* van toepassing op die vingerafdrukke, liggaamsafdrukke of fotografiese beelde wat deur die Afdeling van die Diens verantwoordelik vir kriminele rekords bewaar, bygehou en geadministreer was voor die inwerkingtreding van hierdie Wet en niks in hierdie Hoofstuk raak die gebruik van sodanige afdrukke en fotografiese beelde vir die doeleindes wat in subartikels (4) en (5) uiteengesit is nie.

(4) Behoudens subartikel (5) word die vingerafdrukke, liggaamsafdrukke of fotografiese beelde bedoel in subartikels (1), (2) en (3) slegs gebruik vir doeleindes wat verband hou met die opsporing van misdaad, die ondersoek van 'n misdryf, die identifikasie van vermiste persone, die identifikasie van ongeïdentifiseerde menslike oorskot of die deurvoer van 'n vervolging.

(5) Niks in subartikel (4) belet die gebruik deur die polisiebeampte in bevel van die Afdeling van die Diens verantwoordelik vir kriminele rekords of sy of haar gedelegeerde, van enige vingerafdrukke wat ingevolge hierdie artikel bewaar word, vir doeleindes om te bepaal of 'n persoon aan 'n misdryf skuldig bevind is nie.

(6) 'n Persoon wat, ten opsigte van enige vingerafdrukke, liggaamsafdrukke of fotografiese beelde, waarna in hierdie Hoofstuk verwys word—

*(a)* sodanige vingerafdrukke, liggaamsafdrukke of fotografiese beelde gebruik of toelaat dat dit gebruik word vir enige doel wat nie verband

of crime, the investigation of an offence, the identification of missing persons, the identification of unidentified human remains or the conducting of a prosecution; or

*(b)* tampers with or manipulates the process or the fingerprints, body-prints or images in question; or

*(c)* falsely claims such fingerprints, body-prints or images to have been taken from a specific person whilst knowing them to have been taken from another person or source,

is guilty of an offence and liable on conviction to imprisonment for a period not exceeding 15 years.

**Comparative search against other databases**

**15B.** (1) Any fingerprints or photographic images stored in terms of this Chapter, may for purposes related to the detection of crime, the investigation of an offence, the identification of missing persons, the identification of unidentified human remains or the conducting of a prosecution, be checked against the databases of the Department of Home Affairs, the Department of Transport or any department of state in the national sphere of government, irrespective of whether the photographic images or prints stored on these respective databases were collected before or after the coming into operation of this section.

(2) Any person who conducts a comparative search, as contemplated in subsection (1), for any purpose that is not related to the circumstances set out in that subsection, is guilty of an offence and liable on conviction to imprisonment for a period not exceeding 15 years.

(3) Any person who in respect of the taking of fingerprints, body-prints or photographic images—

*(a)* tampers with or manipulates the process;

*(b)* falsely claims it to have been taken from a specific person whilst knowing it to have been taken from another person or source,

is guilty of an offence and liable on conviction to imprisonment for a period not exceeding 15 years.

**National instructions relating to collection, storage, maintenance, administration and use of fingerprints, body-prints and photographic images**

**15C.** (1) The National Commissioner must in consultation with the Minister, within six months of the commencement of this section issue national instructions regarding all matters which are reasonably necessary or expedient to be provided for in relation to this Chapter and which must be followed by all police officials, including the following:

*(a)* The collection of fingerprints, body-prints and the taking of photographic images;

*(b)* the storage, maintenance and administration of the fingerprints, body-prints and photographic images collected in terms of this Chapter;

*(c)* the use of the information made available in terms of this Chapter; and

*(d)* the manner in which statistics must be kept by the Division of the Service responsible for criminal records in relation to all information collected, stored and analysed in terms of this Chapter, which shall include the recording and maintaining of statistics on all exhibits collected at crime scenes.

(2) The National Commissioner must develop training courses with reference to the national instructions referred to in subsection (1) and ensure that adequate training takes place within the Service.

hou met die opsporing van misdaad, die ondersoek van ’n misdryf, die identifikasie van vermiste persone, die identifikasie van ongeïdentifiseerde menslike oorskot of die deurvoer van ’n vervolging nie; of

*(b)* peuter met die betrokke vingerafdrukke, liggaamsafdrukke of fotografiese beelde of die proses manipuleer; of

*(c)* valslik beweer dat sodanige vingerafdrukke, liggaamsafdrukke of fotografiese beelde van ’n bepaalde persoon geneem is, terwyl hy of sy bewus is dat dit van ’n ander persoon of bron geneem is,

is aan ’n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met gevangenisstraf vir ’n tydperk van hoogstens 15 jaar.

**Vergelykende soektog teen ander databasisse**

**15B.** (1) Enige vingerafdrukke of fotografiese beelde wat ingevolge hierdie Hoofstuk bewaar word, kan vir doeleindes wat verband hou met die opsporing van misdaad, die ondersoek van ’n misdryf, die identifikasie van vermiste persone, die identifikasie van ongeïdentifiseerde menslike oorskot of die deurvoer van ’n vervolging, teen die databasisse van die Departement van Binnelandse Sake, die Departement van Vervoer of enige staatsdepartement in die nasionale regeringsfeer nagegaan word, ongeag of die fotografiese beelde of afdrukke in die onderskeie databasisse bewaar of versamel is voor of na die inwerkingtreding van hierdie artikel.

(2) Enige persoon wat ’n vergelykende soektog doen, soos beoog in subartikel (1), vir enige doel wat nie betrekking het op die omstandighede wat in daardie subartikel uiteengesit is nie, is skuldig aan ’n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met gevangenisstraf vir ’n tydperk van hoogstens 15 jaar.

(3) Enige persoon wat, met opsigte van vingerafdrukke, liggaamsafdrukke of fotografiese beelde—

*(a)* met die proses peuter of dit manipuleer; of

*(b)* valslik beweer dat dit van ’n bepaalde persoon geneem is terwyl hy of sy weet dat dit van ’n ander persoon of bron geneem is,

is skuldig aan ’n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met gevangenisstraf vir ’n tydperk van hoogstens 15 jaar.

**Nasionale instruksies met betrekking tot versameling, bewaring, byhou, administrasie en gebruik van vingerafdrukke, liggaamsafdrukke en fotografiese beelde**

**15C.** (1) Die Nasionale Kommissaris moet, in oorleg met die Minister, binne ses maande na die inwerkingtreding van hierdie artikel, nasionale instruksies uitreik betreffende alle aangeleenthede wat redelikerwys noodsaaklik of dienstig is om voorsiening voor te maak met betrekking tot hierdie Hoofstuk en wat nagekom moet word deur alle polisiebeamptes, met inbegrip van die volgende:

*(a)* Die verkryging van vingerafdrukke, liggaamsafdrukke en die neem van fotografiese beelde;

*(b)* die bewaring, byhou en administrasie van die vingerafdrukke, liggaamsafdrukke en fotografiese beelde wat ingevolge hierdie Hoofstuk geneem is;

*(c)* die gebruik van inligting wat ingevolge hierdie Hoofstuk beskikbaar gestel is; en

*(d)* die wyse waarop die Afdeling van die Diens wat verantwoordelik is vir kriminele rekords, statistieke moet byhou met betrekking tot alle inligting wat ingevolge hierdie Hoofstuk versamel, bewaar en ontleed is, wat moet insluit die aanteken en byhou van statistieke oor alle bewysstukke wat by misdaadtonele versamel is.

(2) Die Nasionale Kommissaris moet opleidingskursusse ontwikkel ten aansien van die nasionale instruksies, waarna in subartikel (1) verwys word, en verseker dat voldoende opleiding binne die Diens plaasvind.

**Security measures on integrity of information on database**

**15D.** (1) The National Commissioner must secure the integrity of information on the database provided for in this Chapter by taking appropriate, reasonable technical and organisational measures to prevent—

*(a)* loss of, damage to or unauthorised destruction of information on the database; and

*(b)* unlawful access to or processing of information on the database.

(2) In order to give effect to subsection (1), the National Commissioner must take reasonable measures to—

*(a)* identify all reasonable foreseeable internal and external risks to information on the database under his or her control;

*(b)* establish and maintain appropriate safeguards against the risks identified;

*(c)* regularly verify that the safeguards are effectively implemented; and

*(d)* ensure that the safeguards are continually updated in response to new risks or deficiencies in previously implemented safeguards.

(3) The National Commissioner must have due regard to generally accepted information security practices and procedures which may apply to the Service generally or be required in terms of specific laws and regulations relating to security of information applicable to the Service.

(4) The National Commissioner and the Directors-General of the Departments of Transport, Home Affairs and Correctional Services must, under the chairpersonship of the National Commissioner, within six months of the commencement of this section develop standard operating procedures regarding—

*(a)* access to the databases; and

*(b)* the implementation of safety measures to protect the integrity of information contained on the relevant databases.

(5) Other databases may only be accessed in terms of standard operating procedures referred to in subsection (4).''.

**Amendment of section 1 of Act 60 of 2000, as amended by section 1 of Act 28 of 2006**

**7.** Section 1 of the Firearms Control Act, 2000, is hereby amended by—

*(a)* the insertion after the definition of **''Appeal Board''** of the following definitions:

'' **'authorised person'** means with reference to fingerprints, any police official in the performance of his or her official duties;

**'body-prints'** means prints other than fingerprints, taken from a person and which are related to a crime scene, but excludes prints of the genitalia, buttocks or breasts of a person;''; and

*(b)* the insertion after the definition of **''cartridge''** of the following definitions:

'' **'child'** means a person under the age of 18 years;

**'comparative search'** means the comparing of body-prints, fingerprints or photographic images, taken under any power conferred by section 113, by an authorised person against any database referred to in Chapter 5A of the South African Police Service Act;''.

**Veiligheidsmaatreëls oor integriteit van inligting in databasis**

**15D.** (1) Die Nasionale Kommissaris moet die integriteit van inligting in die databasis, waarvoor in hierdie Hoofstuk voorsiening gemaak is, beveilig deur gepaste, redelike tegniese en organisatoriese maatreëls in te stel om—

*(a)* die verlies, skade aan of ongemagtigde vernietiging van inligting in die databasis te voorkom; en

*(b)* onregmatige toegang tot of prosessering van inligting in die databasis te voorkom.

(2) Ten einde uitvoering te gee aan subartikel (1), moet die Nasionale Kommissaris redelike maatreëls instel om—

*(a)* alle redelike voorsienbare interne en eksterne risiko's verbonde aan inligting in die databasis onder sy of haar beheer, te identifiseer;

*(b)* toepaslike veiligheidsmaatreëls teen die geïdentifiseerde risiko's in te stel en in stand te hou;

*(c)* gereeld te bevestig dat die veiligheidsmaatreëls doeltreffend geïmplementeer word; en

*(d)* te verseker dat die veiligheidsmaatreëls voortdurend opdateer word in antwoord op nuwe risiko's of tekortkominge in veiligheidsmaatreëls wat voorheen geïmplementeer is.

(3) Die Nasionale Kommissaris moet algemeen aanvaarbare inligtingsbeveiligingspraktyke en -prosedures in aanmerking neem wat vir die Diens in die algemeen mag geld of vereis word kragtens bepaalde wette en regulasies in verband met die beveiliging van inligting wat vir die Diens geld.

(4) Die Nasionale Kommissaris en die Direkteurs-generaal van die Departemente van Vervoer, Binnelandse Sake en Korrektiewe Dienste moet, onder die voorsitterskap van die Nasionale Kommissaris, binne ses maande vanaf die inwerkingtreding van hierdie artikel, standaard operasionele prosedures ontwikkel betreffende—

*(a)* toegang tot die databasisse; en

*(b)* die inwerkingstelling van veiligheidsmaatreëls om die integriteit te beskerm van inligting wat in die databasisse vervat is.

(5) Toegang tot ander databasisse kan slegs verkry word kragtens staande operasionele prosedures verwys na in subartikel (4).''.

**Wysiging van artikel 1 van Wet 60 van 2000, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 28 van 2006**

**7.** Artikel 1 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens, 2000, word hierby gewysig—

*(a)* deur die volgende omskrywings na die omskrywing van **''geleentheidsportpersoon''** in te voeg:

''**'gemagtigde persoon'**, met betrekking tot vingerafdrukke, enige polisiebeampte in die verrigting van sy of haar amptelike pligte;'';

*(b)* deur die volgende omskrywings na die omskrywing van **''hierdie Wet''** in te voeg:

''**'kind'** 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar;'';

*(c)* deur die volgende omskrywings na die omskrywing van **''laai''** in te voeg:

''**'liggaamsafdrukke'** afdrukke anders as vingerafdrukke, geneem van 'n persoon en wat verband hou met 'n misdaadtoneel, maar sluit afdrukke van geslagdele, boude of borste van 'n persoon uit;''; en

*(d)* deur die volgende omskrywings na die omskrywing van **''toegewyde sportpersoon''** in te voeg:

''**'vergelykende soektog'** die vergelyking van liggaamsafdrukke, vingerafdrukke of fotografiese beelde verkry kragtens 'n bevoegdheid by artikel 113 verleen, deur 'n gemagtigde persoon teen enige databasis waarna in Hoofstuk 5A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens verwys word;''.

**Amendment of section 113 of Act 60 of 2000, as amended by section 35 of Act 28 of 2006**

**8.** The following section is hereby substituted for section 113 of the Firearms Control Act, 2000:

"**[Bodyprints] Fingerprint, body-prints and bodily samples for investigation purposes**

**113.** (1) **[Any]** Subject to subsection (3) any police official may without warrant take fingerprints **[, palm-prints, footprints]** or body-prints and bodily samples of a person or a group of persons or may cause any such prints or samples to be taken, if—

*(a)* there are reasonable grounds to suspect that that person or that one or more of the persons in that group has committed an offence punishable with imprisonment for a period of five years or longer in terms of this Act; and

*(b)* there are reasonable grounds to believe that the prints or samples or the results of an examination thereof, will be of value in the investigation by excluding or including one or more of the persons as a possible perpetrator of the offence.

(2) The person who has control over prints or samples taken in terms of this section—

*(a)* may examine them for purposes of the investigation of the relevant offence or cause them to be so examined; and

*(b)* **[must immediately destroy them when it is clear that they will not be of value as evidence]** may cause any prints taken under any power conferred by this section, to be subjected to a comparative search.

(3) Bodily samples to be taken from the body of a person, may only be taken by a registered medical practitioner or a registered nurse.

(4) A police official may do such tests, or cause such tests to be done, as may be necessary to determine whether a person suspected of having handled or discharged a firearm has indeed handled or discharged a firearm.

(5) *(a)* The fingerprints, body-prints and bodily samples, taken under any power conferred by this section, and the record of steps taken under this section—

(i) must upon the conviction of an adult person be retained;

(ii) must upon the conviction of a child be retained on a database referred to in Chapter 5A of the South African Police Service Act, subject to the provisions relating to the expungement of a conviction and sentence of a child as provided for in section 87 of the Child Justice Act, 2008 (Act No. 75 of 2008); and

(iii) in a case where a decision was made not to prosecute a person, if the person is found not guilty at his or her trial, or if his or her conviction is set aside by a superior court or if he or she is discharged at a preparatory examination or if no criminal proceeding with reference to such fingerprints or body-prints was instituted against the person concerned in any court or if the prosecution declines to prosecute, must be destroyed within 30 days after the officer commanding the Division responsible for criminal records referred to in Chapter 5A of the South African Police Service Act has been notified.

*(b)* The fingerprints or body-prints which may be retained in terms of this section, may only be used for purposes related to the detection of crime, the investigation of an offence the identification of missing persons, the identification of unidentified human remains or the conducting of a prosecution.

*(c)* Any person who, with regard to any fingerprints, body-prints or bodily samples referred to in this section—

**Wysiging van artikel 113 van Wet 60 van 2000, soos gewysig deur artikel 35 van Wet 28 van 2006**

**8.** Artikel 113 van die Wet op Beheer van Vuurwapens, 2000, word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**[Liggaamsafdrukke] Vingerafdrukke, liggaamsafdrukke en liggaamsmonsters vir ondersoekdoeleindes**

**113.** (1) Behoudens subartikel (3) kan enige **['n]** polisiebeampte **[kan]** sonder lasbrief die vingerafdrukke, **[palmafdrukke, voetafdrukke]** of liggaamsafdrukke en liggaamsmonsters van 'n persoon of groep persone neem, of sodanige afdrukke en monsters laat neem, indien—

*(a)* daar redelike gronde is om te vermoed dat daardie persoon of een of meer van die persone in daardie groep 'n misdryf gepleeg het wat ingevolge hierdie Wet strafbaar is met gevangenisstraf vir 'n tydperk van vyf jaar of langer; en

*(b)* daar redelike gronde is om te glo dat die afdrukke of monsters of die uitslag van 'n ondersoek daarvan van waarde sal wees by die ondersoek, deur een of meer van die persone as moontlike plegers van die misdryf uit te sluit of in te sluit.

(2) Die persoon in beheer van enige afdrukke of monsters ingevolge hierdie artikel geneem—

*(a)* kan dit onderwerp aan ondersoek vir doeleindes van die ondersoek van die betrokke misdryf of dit aldus laat ondersoek; en

*(b)* **[moet dit onverwyld vernietig wanneer dit duidelik is dat hulle van geen waarde as getuienis sal wees nie]** kan enige afdrukke wat geneem is kragtens enige bevoegdheid wat deur hierdie artikel verleen word, laat onderwerp aan 'n vergelykende soektog.

(3) Liggaamsmonsters wat van die liggaam van 'n persoon geneem word, mag slegs deur 'n geregistreerde mediese praktisyn of 'n geregistreerde verpleegster geneem word.

(4) 'n Polisiebeampte kan die toetse doen, of laat doen wat nodig is om te bepaal of 'n persoon wat vermoedelik 'n vuurwapen gehanteer of afgevuur het inderdaad 'n vuurwapen gehanteer of afgevuur het.

(5) *(a)* Die vingerafdrukke, liggaamsafdrukke en liggaamsmonsters, wat geneem is kragtens 'n bevoegdheid wat deur hierdie artikel verleen is en die rekord van stappe wat kragtens hierdie artikel gedoen is—

(i) by die skuldigbevinding van 'n volwasse persoon, bewaar word;

(ii) by die skuldigbevinding van 'n kind, behoudens die bepalings in verband met die skrapping van die vorige veroordelings en vonnisse van 'n kind, soos beoog in artikel 87 van die Wet op Kinderreg, bewaar word op 'n databasis waarna in Hoofstuk 5A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens verwys word; en

(iii) indien 'n besluit geneem is om 'n persoon nie te vervolg nie, 'n persoon by sy of haar verhoor vrygespreek is, sy of haar skuldigbevinding deur 'n hoër hof ter syde gestel is, hy of sy by 'n voorlopige ondersoek ontslaan is, geen strafregtelike vervolging met betrekking tot sodanige vingerafdrukke of liggaamsafdrukke teen die betrokke persoon in enige hof ingestel is nie of die vervolging weier om te vervolg, vernietig word binne 30 dae nadat die beampte in bevel van die Afdeling, wat verantwoordelik is vir kriminele rekords, soos bedoel in Hoofstuk 5A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, hiervan in kennis gestel is.

*(b)* Die vingerafdrukke of liggaamsafdrukke wat kragtens hierdie artikel bewaar mag word, kan slegs gebruik word vir doeleindes wat verband hou met die oplossing van misdaad, die ondersoek van 'n misdryf, die identifikasie van vermiste persone, die identifikasie van ongeïdentifiseerde menslike oorskot of die deurvoer van 'n vervolging;

*(c)* Enige persoon wat, ten opsigte van vingerafdrukke, liggaamsafdrukke of liggaamsmonsters waarna in hierdie artikel verwys word—

(i) uses or who allows the use of those fingerprints, body-prints or bodily samples for any purpose that is not related to the detection of crime, the investigation of an offence, the identification of missing persons, the identification of unidentified human remains or the conducting of a prosecution; or

(ii) tampers with or manipulates the process or the fingerprints, body-prints or bodily samples in question; or

(iii) falsely claims such fingerprints, body-prints or bodily samples to have been taken from a specific person whilst knowing them to have been taken from another person or source,

is guilty of an offence and liable on conviction to imprisonment for a period not exceeding 15 years.

*(d)* The fingerprints and body-prints referred to in paragraph *(a)*(i) and (ii), must be stored in the database maintained by the National Commissioner, as provided for in Chapter 5A of the South African Police Service <u>Act, 1995 (Act No. 68 of 1995).</u>''.

**Amendment of section 1 of Act 15 of 2003**

**9.** Section 1 of the Explosives Act, 2003, is hereby amended by—

*(a)* the insertion after the definition of **''authorised explosive''** of the following definitions:

'' <u>**'authorised person'** means with reference to fingerprints, any police official in the performance of his or her official duties;</u>

<u>**'body-prints'** means prints other than fingerprints, taken from a person and which are related to a crime scene, but excludes prints of the genitalia, buttocks or breasts of a person;</u>''; and

*(b)* the insertion after the definition of **''chief inspector''** of the following definitions:

'' <u>**'child'** means a person under the age of 18 years;</u>

<u>**'comparative search'** means the comparing of fingerprints, body-prints, or photographic images, taken under any power conferred by section 9, by an authorised person against any database referred to in Chapter 5A of the South African Police Service Act;</u>''.

**Amendment of section 9 of Act 15 of 2003**

**10.** The following section is hereby substituted for section 9 of the Explosives Act, 2003:

''**Prints and samples for investigation purposes**

**9.** (1) **[Any]** <u>Subject to subsection (3), any</u> police official may without warrant take fingerprints **[, palmprints, footprints and]** <u>body-prints, or</u> bodily samples of a person or a group of persons or may cause any such prints or samples to be taken, if there are reasonable grounds to—

*(a)* suspect that the person or that one or more of the persons in that group has committed an offence punishable with imprisonment for a period of five years or longer in terms of this Act; and

*(b)* believe that the prints or samples or the results of an examination thereof, will be of value in the investigation by excluding or including <u>that person or</u> one or more of **[the]** <u>those</u> persons as possible perpetrators of the offence.

(2) The person who has control over prints or samples taken in terms of this section—

*(a)* may examine them for the purposes of the investigation of the relevant offence or cause them to be so examined; and

(i) sodanige vingerafdrukke, liggaamsafdrukke of liggaamsmonsters gebruik of toelaat dat dit gebruik word vir enige doel wat nie verband hou met die oplossing van misdaad, die ondersoek van 'n misdryf, die identifikasie van vermiste persone, die identifikasie van ongeïdentifiseerde menslike oorskot of die deurvoer van 'n vervolging nie; of

(ii) peuter met die betrokke vingerafdrukke, liggaamsafdrukke of liggaamsmonsters of die proses manipuleer; of

(iii) valslik beweer dat sodanige vingerafdrukke, liggaamsafdrukke of liggaamsmonsters van 'n bepaalde persoon geneem is, terwyl hy of sy bewus is dat dit van 'n ander persoon of bron geneem is,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 15 jaar.

*(d)* Die vingerafdrukke en liggaamsafdrukke bedoel in paragraaf *(a)*(i) en (ii) moet bewaar word in die databasis wat bygehou word deur die Nasionale Kommissaris, soos in Hoofstuk 5A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995), bepaal word.''.

**Wysiging van artikel 1 van Wet 15 van 2003**

**9.** Artikel 1 van die Wet op Springstof, 2003, word hierby gewysig deur—

*(a)* die volgende omskrywings na die omskrywing van **"detoneer"** in te voeg:

''**'gemagtigde persoon'**, met verwysing na vingerafdrukke, enige polisiebeampte in die verrigting van sy of haar amptelike pligte;'';

*(b)* die volgende omskrywings na die omskrywing van **"gemagtigde springstof"** in te voeg:

''**'kind'** 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar;

**'liggaamsafdrukke'** afdrukke, anders as vingerafdrukke, geneem van 'n persoon en wat verband hou met 'n misdaadtoneel, maar sluit afdrukke van geslagsorgane, boude of borste van 'n persoon uit;''; en

*(c)* die volgende omskrywing na die omskrywing van **"springstofvervaardigingsterrein"** in te voeg:

''**'vergelykende soektog'** die vergelyking van vingerafdrukke, liggaamsafdrukke of fotografiese beelde geneem kragtens enige bevoegdheid by artikel 9 verleen, deur 'n gemagtigde persoon teen enige databasis waarna in Hoofstuk 5A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens verwys word;''.

**Wysiging van artikel 9 van Wet 15 van 2003**

**10.** Artikel 9 van die Wet op Springstof, 2003, word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Afdrukke en monsters vir ondersoekdoeleindes**

**9.** (1) **[Enige]** Behoudens subartikel (3) kan enige polisiebeampte **[kan]** sonder 'n lasbrief die vingerafdrukke, **[palmafdrukke, voetafdrukke]** liggaamsafdrukke, of liggaamsmonsters van 'n persoon of groep persone neem, of enige sodanige afdrukke of monsters laat neem, indien daar redelike gronde is om te—

*(a)* vermoed dat die persoon of dat een of meer van die persone in daardie groep 'n misdryf gepleeg het wat met gevangenisstraf vir 'n tydperk van vyf jaar of langer ingevolge hierdie Wet strafbaar is; en

*(b)* glo dat die afdrukke of monsters of die uitslag van 'n ondersoek daarvan van waarde sal wees by die ondersoek, deur daardie persoon of een of meer van **[die]** sodanige persone as moontlike plegers van die misdryf uit te sluit of in te sluit.

(2) Die persoon in beheer van afdrukke of monsters ingevolge hierdie artikel geneem—

*(a)* kan dit ondersoek met die oog op die ondersoek van die betrokke misdryf of dit aldus laat ondersoek; en

(b) **[must immediately destroy them when it is clear that they will not be of value as evidence]** may cause any prints taken under any power conferred by this section, to be subjected to a comparative search.

(3) Bodily samples to be taken from the body of a person may only be taken by a registered medical practitioner or a registered nurse.

(4) A police official may do such tests, or cause such tests to be done, as may be necessary to determine whether a person suspected of having handled or detonated an explosive has indeed handled or detonated an explosive.

(5) *(a)* The fingerprints, body-prints and bodily samples, taken under any power conferred by this section, and the record of steps taken under this section—

(i) must upon the conviction of an adult person be retained;

(ii) must, upon conviction of a child be retained on a database referred to in Chapter 5A of the South African Police Service Act, subject to the provisions relating to the expungement of a conviction and sentence of a child, as provided for in section 87 of the Child Justice Act, 2008 (Act No. 75 of 2008); and

(iii) in a case where a decision was made not to prosecute a person, if the person is found not guilty at his or her trial, or if his or her conviction is set aside by a superior court or if he or she is discharged at a preparatory examination or if no criminal proceeding with reference to such fingerprints or body-prints was instituted against the person concerned in any court or if the prosecution declines to prosecute, must be destroyed within 30 days after the officer commanding the Division responsible for criminal records referred to in Chapter 5A of the South African Police Service Act has been notified.

*(b)* The fingerprints, body-prints or bodily samples which must be retained in terms of this section, may only be used for purposes related to the detection of crime, the investigation of an offence, the identification of missing persons, the identification of unidentified human remains or the conducting of a prosecution.

*(c)* Any person who, with regard to any fingerprints, body-prints or bodily samples referred to in this section—

(i) uses or who allows the use of those fingerprints, body-prints or bodily samples for any purpose that is not related to the detection of crime, the investigation of an offence, the identification of missing persons, the identification of unidentified human remains or the conducting of a prosecution; or

(ii) tampers with or manipulates the process or the fingerprints, body-prints or bodily samples in question; or

(iii) falsely claims such fingerprints, body-prints or bodily samples to have been taken from a specific person whilst knowing them to have been taken from another person or source,

is guilty of an offence and liable on conviction to imprisonment for a period not exceeding 15 years.

*(d)* The fingerprints and body-prints referred to in paragraphs *(a)*(i) and (ii), must be stored in the database maintained by the National Commissioner, as provided for in Chapter 5A of the South African Police Service Act, 1995 (Act No. 68 of 1995).''.

**Short title and commencement**

**11.** This Act is called the Criminal Law (Forensic Procedures) Amendment Act, 2010, and comes into operation on a date determined by the President, by proclamation in the *Gazette*.

*(b)* **[moet dit onmiddellik vernietig wanneer dit duidelik is dat dit van geen waarde as getuienis sal wees nie]** mag enige afdrukke wat geneem is kragtens enige bevoegdheid deur hierdie artikel verleen, laat onderwerp aan 'n vergelykende soektog.

(3) Liggaamsmonsters wat van die liggaam van 'n persoon geneem moet word, kan slegs deur 'n geregistreerde mediese praktisyn of 'n geregistreerde verpleegkundige geneem word.

(4) 'n Polisiebeampte kan die toetse doen of laat doen wat nodig is om te bepaal of 'n persoon wat vermoedelik springstof gehanteer of gedetoneer het, inderdaad springstof gehanteer of gedetoneer het.

(5) *(a)* Die vingerafdrukke, liggaamsafdrukke en liggaamsmonsters, wat geneem is kragtens 'n bevoegdheid wat deur hierdie artikel verleen is en die rekord van stappe wat kragtens hierdie artikel gedoen is—

(i) moet, by die skuldigbevinding van 'n volwasse persoon, bewaar word;

(ii) moet, by die skuldigbevinding van 'n kind, behoudens die bepalings in verband met die skrapping van die vorige veroordelings en vonnisse van 'n kind, soos beoog in artikel 87 van die Wet op Kinderreg, bewaar word op 'n databasis waarna in Hoofstuk 5A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens verwys word; en

(iii) indien 'n besluit geneem is om 'n persoon nie te vervolg nie, die persoon by sy of haar verhoor vrygespreek is, sy of haar skuldigbevinding deur 'n hoër hof ter syde gestel is, hy of sy by 'n voorlopige ondersoek ontslaan is, geen strafregtelike vervolging met betrekking tot sodanige vingerafdrukke of liggaamsafdrukke teen die betrokke persoon in enige hof ingestel is nie of die vervolging weier om te vervolg, moet vernietig word binne 30 dae nadat die beampte in bevel van die Afdeling, wat verantwoordelik is vir kriminele rekords, soos bedoel in Hoofstuk 5A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, in kennis gestel is.

*(b)* Die vingerafdrukke, liggaamsafdrukke of liggaamsmonsters wat kragtens hierdie artikel bewaar mag word, kan slegs gebruik word vir doeleindes wat verband hou met die oplossing van misdaad, die ondersoek van 'n misdryf, die identifikasie van vermiste persone, die identifikasie van ongeïdentifiseerde menslike oorskot of die deurvoer van 'n vervolging.

*(c)* Enige persoon wat, ten opsigte van vingerafdrukke, liggaamsafdrukke of liggaamsmonsters waarna in hierdie artikel verwys word—

(i) sodanige vingerafdrukke, liggaamsafdrukke of liggaamsmonsters gebruik of toelaat dat dit gebruik word vir enige doel wat nie verband hou met die oplossing van misdaad, die ondersoek van 'n misdryf, die identifikasie van vermiste persone, die identifikasie van ongeïdentifiseerde menslike oorskot of die deurvoer van 'n vervolging nie; of

(ii) peuter met die betrokke vingerafdrukke, liggaamsafdrukke of liggaamsmonsters of die proses manipuleer; of

(iii) valslik beweer dat sodanige vingerafdrukke, liggaamsafdrukke of liggaamsmonsters van 'n bepaalde persoon geneem is, terwyl hy of sy bewus is dat dit van 'n ander persoon of bron geneem is,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 15 jaar.

*(d)* Die vingerafdrukke en liggaamsafdrukke bedoel in paragraaf *(a)*(i) en (ii) moet bewaar word in die databasis wat bygehou word deur die Nasionale Kommissaris, soos in Hoofstuk 5A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995), bepaal word.".

**Kort titel en inwerkingtreding**

**11.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Strafreg (Forensiese Prosedures), 2010, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.